PASTORALE ONDERSTEUNINGSDIENS
NG KENRIDGE

Die Kerkraad het op 11 Februarie 2019 goedkeuring verleen aan Ds. Jurie Gouws om vanaf 1 Maart 2019 amptelik met ‘n Pastorale Ondersteuningsdiens in die gemeente en breër gemeenskap te begin.

Ds. Gouws is ‘n CPSC-geakkrediteerde klinies-pastorale berader. Die CPSC (Council for Pastoral and Spiritual Counsellors) is die professionele en statutêre liggaam wat omsien na die beradingpraktyk, opleidingstandaard, etiese sowel as dissiplinêre kodes van pastorale beraders en raadgewers in Suid-Afrika.

Die fokus van die Pastorale Ondersteuningsdiens is om individue en sisteme pastoraal-terapeuties (psigo-spiritueel) te begelei en te bemagtig in die proses van die ontdekking en integrering van betekenis (‘meaning-making’) op die weg van geïntegreerde heelwording en volwassenheid.

Tema’s wat aangespreek en hanteer word sluit in:

- Ondersteuning, hantering en bestuur van gemoedsversteurings
- Treurwerk en verlieshantering
- Hantering en bestuur van eksistensiële krisisse (verhoudings, trauma, egskeiding)

- Ouerskap en gesinsuitdagings
- Huweliks-, egskeidings- en post-egskeidings-berading
- Ondersteuning, hantering en bestuur van stress, angs, uitbranding en verwante uitdagings in die werksomgewing
- Ondersteuning, hantering en bestuur van substansafhanklikheid

Ondersteuningsgroepe, sowel as opleiding en werkswinkels word beplan na aanleiding van behoeftes van gemeentelede.

Die Pastorale Ondersteuningsdiens is beskikbaar op Dinsdae tot Donderdae tussen 11:00 tot 20:00 gedurende skoolkwartale. Afsprake kan gemaak word deur 079 484 8191 te skakel (laat ‘n boodskap indien nie beantwoord). Andersins kan navraag gedoen word by die kerkkantoor by 021 913 4206 (kantoorure – Maandag tot Vrydag, 08:30-16:30).